

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
17 Oktober 1976

Onderwerp: Die Kerk
Voorstelling van lidmate

Lees: Lukas 2 verse 41 tot 52

Teks: Lukas 2 vers 46

Sing: Psalm 68 vers 9
Gesang 155 vers 5

“Ware lidmaatskap van die Kerk is nie geleë in die intellektuele aanvaarding van sekere waarhede nie, maar dit gaan wesenlik om my persoonlike verhouding met die persoon van Jesus Christus.

“Dit is juis op hierdie punt dat ons vandag soveel geestelike inflasie ondervind. Die koopkrag van die Kerk in die wêreld en die geestelike kwaliteit van sy lidmaatskap het in baie gevalle jammerlik gedevalueer. Lidmaatskap het goedkoop geword. Soveel mense neem aanstoot aan Jesus Christus. By nadere ondersoek blyk dit dat hulle nog nooit die egte Christendom en die ware Jesus Christus van die Bybel ontdek het nie.

“Daarom Broers en Susters, roep ons tyd om ’n nuwe besinning oor die wese van ware lidmaatskap van die Kerk van Jesus Christus. En ’n beter geleentheid om dit te doen, sal ons nêrens kry nie as juis vanmôre dat nege en twintig jongmense met belydenis van geloof toetree tot die liggaam van Jesus Christus.

“Daar is net Een wat die voorbeeld kom stel het vir ware lidmaatskap. Dit is Jesus Christus. Sy lewe kan ’n mens nooit genoeg bepeins of bewonder nie. Namate ’n mens se siel gevul word met sy beeld, verander die Heilige Gees jou na dieselfde beeld.

“Broers en Susters, dit is onmoontlik om Jesus Christus ten volle te ken. Nogtans wil ek vanmôre met u praat oor Jesus se optrede teenoor die Kerk.

“Ons lewe in ’n tyd dat die Kerk van Jesus Christus al meer in die gedrang kom. Daar is hoeveel dooie lidmate in die kerk as gevolg van hulle voortdurende onbelyde sondes. Baie staan belangeloos teenoor die Kerk. Nog ander wanhoop daarin en beswadder dit met die verskoning dat hulle iets beter wil hê.

“Maar Goddank, Broers en Susters, daar is ook dié wat die Kerk bemin. Diegene wat smag om ’n herlewing, ween oor sy gebreke en twyfel wat om in sulke dae van afval te doen.

“Vanmôre het ons ’n geleentheid om tot ’n herwaardering te kom van ons eie verhouding tot die Kerk. Laat ons selfondersoek doen in die lig van wat Jesus Christus in dié verband gedoen en gesê het.

“Jesus se eerbied vir die Kerk het bo alles uitgestaan. Hy was nie blind vir die gebreke van die kerk van sy dag nie. Daarom het Hy dikwels gewaarsku teen dwalinge. Maar Hy het ook die volk aangespoor om hulle lewens volgens die boodskap van die Kerk in te rig.

“Die Kerk was vir Jesus Christus ’n skepping van God. Daarom Broers en Susters, het Jesus so dikwels van die Kerk gepraat as ‘die huis van my Vader’. (Joh 2:16; 14:2) Daarom het Hy dit so dikwels besoek en het dit so ’n groot plek in sy lewe gehad. Alhoewel Hy die Seun van God was, het Hy Hom aan die Kerk se ordonansies onderwerp en selfs die tempelbelasting betaal. Om in die Kerk te wees en die belange daarvan te behartig, was vir Hom om die belange van sy Vader te behartig.

“Netso uitstaande was Jesus Christus se liefde vir die Kerk. Op twaalfjarige leeftyd was dit duidelik dat Hy nêrens meer tuis gevoel het, as juis in die voorhove van sy Vader se huis nie. Sy stem en voetstappe het gedurig in die tempel weerklink. Dit was ’n liefde wat uit sy eerbied vir die Kerk gebore is.

“Ook aangrypend was Jesus Christus se gesindheid teenoor ’n sieklike kerk. In ons dag het ons dit nodig om juis hierin die voorbeeld van onse Here te ken. Ons hoop lê in die waarheid.

“Jesus Christus het dikwels drasties opgetree teen dwalinge en sonde in die kerk. Maar dit was nooit met gebalde vuiste nie. In daardie ontsettende oomblikke was Hy diep bedroef en in tranes. Wat ’n voorbeeld vind ons hier by Jesus! Neem die Kerk ook so die eerste plek in ons harte in?

“Hoe anders is dit nie vandag by sommige lidmate nie? Ons staan so maklik koud, afsydig, veroordelend en vol haat teenoor die Kerk. Ons vergeet dat ons lede van die Bruid van Jesus Christus is. Menigtes het van die kerk vervreemd geraak. Ook hier op die platteland is Sondag nie meer kerkdag nie. Hoe bejammerenswaardig is hulle lot nie, want diesulkes het die enigste anker van ewige behoudenis verloor en dryf na hul ewige ondergang.

“Die afval weg van God en sy Kerk is veral groot in ons dag. Die moderne mens is vervreemd van God en daarmee saam ook die Kerk. Daar was ’n tyd toe dit werklik vreemd was om ’n uitgesproke ongelowige te wees. Vandag is dit mode.

“’n Moderne skrywer is, volkome in pas met die gees van die tyd, gevra: ‘Waar is God?’ Sy antwoord was: ‘Daar is belangriker vrae in die lewe as dit.’

“Die Sosialisme en Materialisme is besig om die kerk af te takel. Dit is nie verbasend dat daar selfs openlik gespekuleer word oor die ondergang van die Christendom nie. Maar Broers en Susters, dit is nie altyd openlike vyandskap teen die Kerk wat ons bedreig nie, maar ’n koue onverskilligheid om God as God te erken en te vrees.

“Broers en Susters, ons lewe in ’n dag van toenemende haat en veragting vir die Kerk. Lidmate het vergeet dat hulle beloof het om die wêreld te versaak, ’n Christelike lewe te lei en hulle te onderwerp aan die kerklike opsig en tug. Mense kan vandag so gemaklik uitvaar teen die Kerk. Wie dit doen het nie alleen nie die Gees van Jesus Christus nie, maar stel hulle ook uiteindelik oop vir die gerig van God. Die siel wat die Kerk minag, vernietig die enigste bolwerk van veredeling en redding van sy lewe. Dit bewys dat hy nie meer die gesag van God as die middelpunt van sy lewe erken nie. Só ’n siel raak aan die drywe en die einde is ’n ewige ondergang. Só iemand het soos ’n remlose voertuig geword.

“Die regte gesindheid teenoor die Kerk word gebore uit jou regte verhouding met Jesus Christus van die Kerk. Gelukkig is die siel wat die gesindheid van die Seun van God het en die Kerk soos Jesus Christus eerbiedig.

“Hoedanig ons teenoor die onbehoorlike verskynsels van ons tyd moet staan, leer ons van Jesus. Drie dinge tref ons hier aan in Jesus se houding teenoor die sieklike kerk:

“Die strengheid van sy verterende heiligheid;

“Die beslistheid van sy Goddelike soewereiniteit;

“en Jesus se verdraagsaamheid en liefde.

“Jesus se liefde vir die heiligheid van God se huis, laat nie sonde in die kerk ongestraf bly nie! Hy het by geleentheid ’n sweep geveg en handelaars uit God se huis gedryf met die woorde: ‘Neem daardie dinge hier weg; moenie die huis van my Vader ’n handelshuis maak nie.’ (Joh 2:16) Dieselfde gesindheid moet by ons wees. Maar nooit moet ons strewe na hervorming,

terwyl onself onwillig is om te hervorm nie. Dié wat bestraf terwyl hulle self straf werd is, is niks anders as huigelaars nie.

“Daar is beslistheid in Jesus se woorde. Hy is Goddelik soewerein. Hy kan ’n goddelose, loue, wêreldsgesinde kerk opsy sit en iets anders in die plek daarvan gee. Die hardste woorde wat Jesus in sy tyd tot die kerk gerig het, was: ‘Kyk, julle huis word vir julle woens gelaat!’ (Matt 23:38) Daarom Broers en Susters, moet ons as lidmate onself ondersoek of ons nog in die geloof is.

“Jesus Christus straf egter altyd met verdraagsame liefde, met die hoop dat sy koninkryk sal terugkeer.

“Broers en Susters, hoe staan dit met ons lewens? Volg u Jesus Christus se voetstappe? Tot watter voordeel is u lidmaatskap vir Jesus Christus en sy Kerk? Is u elke dag tot beskikking van die Heilige Gees as lid van die liggaam van Jesus Christus, sodat Hy in u kan woon en deur u kan werk? O HERE, laat dit so wees.

“Broers en Susters, al is dit so dat ons in ’n tyd lewe wat met asebenemende tempo besig is om grondig te verander, wil dit nog nie sê dat die saak van die Christendom verlore is nie. Dit is juis die lewende teenwoordigheid van Christus Jesus wat van tyd tot tyd sy Kerk die genade gee om triomferend by al die wisselende omstandighede aan te pas. Daar is pragtige tekens dat Jesus Christus besig is om dit te doen. Hy doen dit ondanks die gebreke van sy gemeente, maar nooit sonder sy gemeente nie. Daarom is dit nodig dat ons ook hierin die voorbeeld van ons Meester sal navolg.

“Broers en Susters en liewe jongmense wat vanaand toetree, dit is in ’n tyd soos hierdie dat u en ek ons lidmaatskap moet uitlewe. Wat het die Kerk, die liggaam van Jesus Christus, in u en my lewens? Staan ons by die Stigter of praat ons die vyandige wêreld na?

“Kom, God het u nodig. Die Kerk het u nodig. Kom laat ons die wêreld versaak en na Jesus Christus gaan en Hom volg. Dan kan Hy die doel in sy Kerk bereik.

“Daar is genesing in die bloed van die Lam. Só gewas en gereinig sal ons vir Hom ’n gemeente wees tot lof en heerlijkheid van sy Naam en tot getuienis van sy genade.

“Só sal ons die sterwendes jaloers maak en hulle tot Jesus beweeg, sodat hulle kan lewe.

“God help ons daartoe.

“Amen.”

Kommentaar:

Baie mense beskou die Kerk as 'n menslike organisasie, soortgelyk aan 'n munisipaliteit en sy stadsraad. Dit is nie die geval nie. God en Jesus Christus het die Kerk geskep en het dit deur alle eeue in stand gehou en hou dit steeds in stand.

As 'n kerk 'n valse kerk is of word, is dit gelowiges se plig om dit teen te staan. 'n Voorbeeld is die Rooms-Katolieke Kerk, wat voorgegee het dat dit die uitsluitlike weg tot saligheid was. In kontras hiermee het dit probeer en beoog dit steeds om die Bybel en alle ware gelowiges uit te wis, omdat die ware Evangelie hulle bedrog ontmasker. Dink maar aan Roomse aanbidding van Maria, heiliges, beelde, ensovoorts.

Hierteenoor moet ons versigtig wees hoe ons met die ware Kerk van God en Jesus Christus omgaan. Diegene wat dink dat hulle die ware Kerk traak-my-nie-agtig kan minag, maak 'n fatale fout.

As jy weer in die Kerk is, hou in gedagte dat God en Jesus Christus dit geskep het en beheer en nie mense nie. Hulle is tydelike toesighouers.

Let ook op Dominee Bester se stelling: "Ware lidmaatskap van die Kerk is nie geleë in die intellektuele aanvaarding van sekere waarhede nie, maar dit gaan wesenlik om my persoonlike verhouding met die persoon van Jesus Christus."

As jy nie 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het nie, is jy nog nie 'n Christen nie.

Aanvaar Jesus Christus dan as jou Verlosser, bid dat Hy jou genadig sal wees, jou sal red en dat Hy Hom aan jou sal openbaar.